Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 2/7/2021

LIEF EN LEED

Die Wonnies groet die kwartaal vir me. Rilea van der Westhuizen en me. Zandri Brits. Hulle het tydelik afgelos. Dankie dat u so mooi ons Wonnies onderrig het.

NOG 'N KWARTAAL KOM TOT 'N EINDE

Met die kwartaal wat tot 'n baie skielike einde gekom het, wil ons van die geleentheid gebruik maak om ons Wonnie-leerders en ouers 'n welverdiende ruskans toe te wens. Dit was een van die langste kwartale op rekord en die uitdagings te midde van die pandemie het ongekende druk op ons almal geplaas. Baie dankie aan alle ouers wat hulle kinders ondersteun het te midde van die uitdagings, om getrou skool by te woon en op datum te bly met hulle skoolwerk.

Marcus Aurelius het sowat 2000 jaar gelede gesê, "Dit wat in die pad staan, word die pad". Wat hy eintlik daardeur bedoel, is in wese dat dit nie saak maak hoe goed of sleg 'n situasie is nie – jou karakter sal deur dit wat jou pad versper, gewys word. Ons kan die uitdagings oorkom deur nie te probeer om weg te kom van hindernisse nie, maar om onverskrokke die hindernisse te konfronteer. In die lig hiervan wil ek baie dankie sê aan die Wonnie-personeel vir die karakter en deursettingsvermoë wat hulle die afgelope kwartaal getoon het. Daar word baie verwag van onderwysers in Suid-Afrika en baie skole kon nie die mas opkom nie. Die Wonnie-onnies het egter hul staal gewys. Ons het voluit as skool voortgegaan om hierdie kwartaal 'n volledige toetsreeks afhandel. Ons is dankbaar ons kon dit afhandel, sodat vasgestel kan word waaraan meer aandag gegee moet word.

Ons wil vra dat ons ouers en kinders hierdie vakansie baie verantwoordelik moet wees in die lig van 'n hoë Covid-19 infeksiekoers. Mag julle hierdie vakansie die guns en beskerming van ons Hemelse vader geniet en voldoende uitrus vir die uitdagings wat volgende kwartaal mag bring.

RAPPORTE – KWARTAAL 2

Te midde van vele nuusbriewe en SMS'e rakende toetse, is daar steeds sommige leerders wat nie hul toetse afgehandel het of met die personeel gekommunikeer het nie. Alle leerders gaan egter, wanneer die skool heropen, 'n rapport vir Kwartaal 2 ontvang, en dié leerders se punte sal dan as 'n 0-punt reflekteer.

NUWE KWARTAALDATUMS

Na afloop van die president se toespraak, is die skoolkalender soos volg aangepas:

Die skool open weer op 19 Julie 2021.

Die direktiewe dui ook aan dat **alle leerders moet terugkeer na skole binne die tradisionele skoolrooster**.

Hierdie is ongelooflike belangrike inligting vir elke ouer – dit beteken die kurrikulum in totaliteit gaan voltooi word in elke graad. U kind gaan dus alle werk moet afhandel ten einde die graad te kan slaag.
Daar bestaan steeds die wanpersepsie onder sekere leerders en ouers, dat assesserings, soos die afgelope toetsreeks, nie werklik belangrik is nie.

SKOLE HEROPEN:
19 JULIE 2021

SKOOLGELDE

Baie dankie aan al die ouers wat so getrou hul skoolgelde betaal, selfs te midde van moeilike omstandighede. Dit is u ondersteuning wat dit moontlik maak om voort te gaan met kwaliteit onderrig.

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

MNR LEZAR
SKOOLHOOF